UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AFK1503

Oktober/November 2017

## AFRIKAANS VANDAG TAALKUNDE EN SKRIFTELIKE KOMMUNIKASIE

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMINATORE**

| | | |
|---|---|---|
| EERSTE | MEV A ENGELBRECHT | MEV L GRUNDLINGH |
| TWEEDE | DR E LOMBARD | |

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 6 BLADSYE.**

**BEANTWOORD AL DIE VRAE**

**NOMMER ASSEBLIEF ELKE VRAAG EN ONDERAFDELING DUIDELIK EN KORREK**

**[BLAAI OM]**

# DEEL 1: LUISTER- EN LEESVAARDIGHEDE

## VRAAG 1

Wat beteken die begrip **konteks**? Noem ook 2 aspekte van die konteks van kommunikasie (6)

## VRAAG 2

Waarna verwys die begrip **Standaardafrikaans**? (6)

## VRAAG 3

Lees die volgende teks en beantwoord die vrae wat daarna volg (15)

***Skryfwerk***

Daar happen soms iets,
ennek siennit
Ek skryffit dan neer,
ennek miennit

Dan wil ek jou nie mesmeraais
of sonner rede kritisaais
Ek sêrrit plain en hoep maar dat
van julle maybe note sal vat
Skryf issie daar net virrie skrander,
dis oekkie reg van allie ander
Ouens doodgewoon soes ek,
sonner titles, net soes ek
Soe, die beste manier
omme taal te bewaar is
Liessit, praattit, skryffit,
ontginnit en bedryffit
Net soelank jy my verstaan
stap skryf en taal 'n lang pad saam

(Brink, Andre P (samesteller) 2008 *Groot verseboek, deel 3* Kaapstad Tafelberg)

**Vrae**

3.1 In watter variëteit van Afrikaans is hierdie teks geskryf (Swartafrikaans / Kaapse Afrikaans / Standaardafrikaans)? (1)

3.2 Watter vier aksies dui die digter aan wat 'n mens moet uitvoer as jy jou taal wil bewaar? (4)

3.3 Wat noem mens die klankverskynsel waar 'om 'n' as 'omme' geskryf word (palatalisering / assimilasie / assibilasie)? (1)

3.4 Skryf die volgende woorde in Standaardafrikaans.

3.4.1 *miennit* (1)
3.4.2 *sonner* (1)
3.4.3 *hoep* (1)
3.4.4 *oekkie* (1)

3.5 Is hierdie gedig ernstig, grappig, snaaks of verdedigend? (2)

3.6 In die gedig sê die skrywer dat dit belangrik is om taal te bewaar. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. (Jou antwoord moet nie langer as 5 sinne wees nie.) (3)

**VRAAG 4**

Kies telkens die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld *4.1 betekenis*. (8)

4.1 Die aanwesigheid van maatstawwe, standaarde of rigsnoere by taalgebruik word (waardes / doelwitte / norme) genoem.

4.2 Die assosiasies wat ons met woorde maak word die (konnotasie / assimilasie / denotasie) van die woord genoem.

4.3 Gesigsuitdrukkings maak deel uit van (verbale / nieverbale / kommunikatiewe) kommunikasie.

4.4 Die taalvarieteite waarin mense hulself die natuurlikse uitdruk en wat iets van die spreker se herkoms en sosiale groepering reflekteer word die (koloniale variëteit / omgangsvariëteit / registervariëteit) genoem.

**[35]**

# DEEL 2: LEESVAARDIGHEDE -EN SKRIFTELIKE KOMMUNIKASIE

## VRAAG 1

Beantwoord die volgende vrae deur aan te dui of die stellings WAAR of ONWAAR is Skryf slegs die vraagnommer en 'Waar' of 'Onwaar', byvoorbeeld 1 1 Onwaar (20)

1 1 Registertaal word ook soms 'groeptaal' genoem

1 2 'Implisiete taalkennis' verwys na dit wat ons nog nie omtrent taal en taalgebruik weet nie

1 3 Spreektaal is nie minderwaardig ten opsigte van skryftaal nie

1 4 Hierdie is 'n voorbeeld van 'n metafoor "Jy is soos 'n slang "

1 5 Die dubbelpunt dui vir die leser aan dat iets gaan volg

1 6 Kommapunte kan gebruik word om aan te dui dat 'n woord nie letterlik bedoel word nie

1 7 'n Afleiding bestaan uit een stam met affikse

1 8 Samestellings bestaan uit twee stamme met affikse

1 9 Goeie skryfwerk is onder andere skryfwerk wat in 'n gepaste styl geskryf is

1 10 In 'n inversievraagsin staan die werkwoord na die onderwerp

## VRAAG 2

2 1 Lys 5 **nadele** van e-poskommunikasie (10)

**[30]**

# DEEL 3: GRAMMATIKA

## VRAAG 1

Pas die klanke in blok A by die korrekte fonetiese transkripsies in blok B Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte transkripsie neer, byvoorbeeld 1 1 [e] (10)

| A | B |
|---|---|
| 1 1 <g> soos in **g**ee | [oey] |
| 1 2 <v> soos in **v**ra | [oe] |
| 1 3 <ui> soos in dr**ui**we | [x] |
| 1 4 <u> soos in st**u**t | [ç] |
| 1 5 <g> soos in **g**rond | [f] |

**VRAAG 2**

Wat is die betekenis van die volgende prefikse (voorvoegsels)? Jou opsies is (4)

*sleg/nie, sleg, voor, ont/af*

2 1 *mis-* soos in *mis*daad, *mis*stap
2 2 *pre-* soos in *pre*historie
2 3 *wan-* soos in *wan*gedrag, *wan*troue
2 4 *de-* soos in *de*aktiveer, *de*sentraliseer

**VRAAG 3**

Voorsien die volgende sinne van die nodige hoofletters en leestekens waar nodig

3 1 sandra ek beveel jou om huis toe te kom (3)

3 2 johan het gesê ek sal dit koop (4)

**VRAAG 4**

4 1 Wat is die **werkwoord** in die volgende sin? (2)

Piet het die bal oor die muur gegooi

4 2 Wat is die **onderwerp** in die volgende sin? (2)

Speel Jan vandag krieket?

**VRAAG 5**

Kies telkens die regte antwoord tussen hakies Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld 5 1 simpleks (10)

5 1 Die woord *rekenaarskerm* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)

5 2 Die woord *suurlemoenboom* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)

5 3 Die woord *bemanning* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)

5 4 In die woord *skooltas* is 'tas' die (kern / bepaler)

5 5 Die woord *boemelaar* is 'n (simpleks / kompleks)

5 6 Die woord *brilkassie* is 'n (simpleks / kompleks)

5 7 Die bou van woorde staan as (sintaksis / morfologie / fonetiek) bekend

5 8 Die kleinste deel van 'n woord wat 'n selfstandige betekenis het noem ons 'n (stam / morfeem / wortels)

5 9 Agtervoegsels staan ook as (premorfeme / suffikse / prefikse) bekend

5 10 Die 's' in *werkersklas* is 'n (prefiks / verbindingsklank / suffiks)

**[35]**
**TOTAAL [100]**

©
Unisa 2017